

Vrydag 17 Junie

Skrifgedeelte: Psalm 15:1-5

Fokusgedeelte: Psalm 15:5

Deur Christus alleen!

Dawid se twee vrae roep elke leser van hierdie psalm tot biddende selfondersoek. Baie eiewillige mense neem die Naam van God op hulleself, wil sy kinders, sy uitverkore volk wees, maar is nie bereid om die verbondseis van totale heiligheid op te neem nie. Hebsug begeer altyd wins sonder enige insette.

Dawid bou hier voort op die lering van Psalm 14, dat elke dwaas uitkenbaar is in sy ontkenning van God. Net só, maar teenoorgesteld, leer Psalm 15, is die wyse identifi seerbaar in sy volkome toewyding aan die HERE.

Die hoogste voordeel denkbaar is om altyd onbeperkte toegang tot God te hê. Dawid rig sy retoriese vrae direk aan God, want God IS die norm wat in die hemelse heerlijkheid geld, niemand wat liefdeloos en aanstootlik lewe, kan deel in die ryk van die Heilige nie.

In verse 2-5a word 'n hele lys verduidelik, van hoe elkeen aan die eis van God se heilige Wet moet voldoen, om te kwalifiseer vir hemelse inwoning. Wie dit onder leiding van die Gees van die waarheid bestudeer, in diepe selfondersoek, besef beslis dat ek nooit in eie krag daarby kan kom nie. Ek kan myself nie red nie!

Dawid beloof dat die persoon wat in gehoorsaamheid aan hierdie hoogste eis slaag, in ewigheid nie sal wankel nie, omdat God se waarheid ewig en onveranderlik is.

Psalm 15 verkondig dus troosvol en profeties die volledige versoening in Jesus Christus, dat Hy alleen die weg en die waarheid en die lewe is, die Persoon wat my onbeperkte toegang tot God skenk, in sy volkome offer van volmaakte gehoorsaamheid.

Bekyk elke eis en die voldoening daarvan in verse 2-5 nou biddend, in selfstudie van die Woord en verwonder jou opnuut aan die heerlike genade wat jy ontvang het, om jou lewe biddend te kan verander!

Sing: Psalm 15-1:2

Ds. LJ Erasmus (Lou) (Naboomspruit)